

Nuusbrief 11 5 April 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen

083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

Geseënde Paasfees!:

Paasfees is seker dié belangrikste fees wat die Christelike kalender betref.

Dit is wonderlik om daaraan te dink dat God sy enigste seun, Jesus, in ruil gegee het vir ons elkeen se lewe.

"Só lief het God vir jou; so baie is jy vir Hom werd; só 'n hoë agting het Hy vir jou dat sy Seun in jou plek gesterf het sodat jy kan lewe." (*Johan Smit*)

Mag ons elkeen weer diep bewus word van dié wonder: dat Jesus vir ons die lewe verdien het.

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Geseënde Paasfees
Terapie

Bl. 2 Baie dankie
Gebruikte bande
Welpierugby

Bl. 3 Belangrike datums
Bybelse ete

Bl. 4 Taal en selfvertroue



Terapeute:

Dit is soms nodig om in te tree en aan kinders ekstra hulp te verleen met hul ontwikkeling. Terapie word in sommige gevalle aanbeveel. Terapie is egter 'n langtermyn onderneming, wat van een tot ongeveer drie jaar kan duur.

Wat baie belangrik is, is dat die werk wat terapeute huis toe stuur, nougeset gedoen moet word. Terapeute sien kinders net min of meer 'n uur per week, wat net doeltreffend kan wees, indien die oefeninge getrou by die huis gedoen word.





Merk van Klere:

Ons vra weer dat u asseblief die kinders se name sommer met 'n swart koki-pen op die kinders se klere en skoene sal skryf! Ons wil graag elke kindjie se klere aan hul terug besorg.

Gebruikte motorbande:

Ons wil graag speelapparaat met gebruikte motorbande maak. Sal u ons asseblief laat weet indien u weet waar ons motorbande in die hande kan kry?

Baie dankie!:

Baie dankie aan Melissa Engelbrecht, vir die verjaarsdagboek wat ons van jou ontvang het! Ons waardeer dit baie!

Ons gaan so lekker lees aan die mooi boek!

Baie dankie!:

BAIE DANKIE aan Niki Lauder vir die wonderlike noodhulpitems wat sy aan ons geskenk het. Dit is wonderlik en help ons sommer BAIE!! Baie dankie ook vir die speelgoed wat sy aan die Skapie-klas geskenk het!



Welpierugby:

Baie dankie aan ons afrigters, wat bereid is om ons Welpies voor te berei vir ons Welpierugbyseisoen.

Ons het groot waardering vir die opoffering om elke Dinsdag en Donderdag by die skool te wees.

Ons is dankbaar vir die positiewe wyse waarop ons seuntjies hanteer word en glo hul gaan die springbokke laat skaam kry!

Ons eer en waardeer ons afrigters!



Belangrike datums:

7 April: Clarice & die Reënboogkidz
09:00

12 April: Paasfeesstorie—Juf. Jeannine
Paaseierskattejag
Skool sluit 12:00 Busse ry 12:15
Vakansieskool begin 12:30

3 Mei: Skool open



Paasfees:

Die boodskap van Paasfees kan nie in die verlede tyd geskryf word nie. Dit is 'n boodskap vir vandag en al die dae wat kom. Dit is God se boodskap wat deur ons lewens moet eggo. *Frank & Getty*

Paasfeesmôre is nie net 'n verklaring dat ons onsterflik is nie, maar wel 'n verklaring dat ons die onsterflike kinders van God is. *George Matheson*



Bybelse ete 5 April:

Ons is so dankbaar oor die wonderlike geleentheid wat ons het om op so 'n innige, besonderse manier die eerste nagmaal te herdenk.

Ons maatjies het so pragtig gelyk, hul het soos engele gesing en met genoegdoening aan die Bybelse ete deelgeneem.

Dit was vir ons 'n hartroerende ervaring.





Bou selfvertroue met woorde:

Elke mens heg verskillende waardes aan dinge wat gesê word en verstaan dit soms verskillend. Dit is waarom ons mekaar soms verkeerd verstaan. Dit is hoekom ons nie van 'n tweejarige dieselfde kan verwag as van 'n sesjarige wanneer ons 'n opdrag in die huis gee, of iets probeer verduidelik nie. Vir tweejariges moet 'n opdrag bv. baie herhaal word, om seker te maak dit word verstaan.

Namate kinders groter word, begin ons hulle in kassies plaas. Jy dink en sê soms jou kind is agterlosig, dromerig, onoplettend, vergeetagtig, deurmekaar. Jou ander kind is georganiseerd, pligsgetrou en netjies. Dié etikette dra by tot die vorming van hul identiteit.

Selfvertroue vervolg:

As jy iets gedoen wil hê, vra jy jou seun, want jy weet jou dogter gaan die helfte van die opdrag vergeet. So maak jy hom die een wat dinge moet doen en verfyn dié eienskap. Van haar verwag jy nie dieselfde nie en mettertyd is sy ook nie in staat om dit te doen nie. Sy begin aan haar vermoë twyfel.

Ons is geneig om kinders in taalkategorieë te plaas: stout, soet, moeilik, probleemkind—en kort voor lank glo die kind en die ouer dat sy in daardie kategorie hoort en word die taalbeskrywing haar identiteit.

Pasop dat jy nie woordetikette om jou kind se nek hang nie, want daardie woorde kan sy of haar hele menswees bepaal.



Selfvertroue vervolg:

Werk aan jou eie selfbeeld. Dis moeilik om aan jou kind se selfvertroue te bou as jy self 'n swak selfbeeld het.

Taal is nooit onskuldig, neutraal of objektief nie. Dit gaan altyd met die oordrag van waardes gepaard. Elke woord wat ons sê, spruit uit 'n rits onderliggende waardes. Elke keer as ek taal gebruik, roep ek hierdie waardes op. Daarom kan iets wat heel onskuldig lyk, eintlik 'n manier wees waarop ek waarde toeken. Daardie waarde kan negatief of positief wees.

Dankie dat jou taalgebruik positief is en jou kinders se identiteit tot hul voordeel vorm.

Baie dankie! Vriendelike groete! Wilna van Rooyen

